| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2024 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |
| **ADDENDUM** | |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOE HET SWART SUID-AFRIKANERS REAGEER NÁ PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980’s?

### BRON 1A

Die bron hieronder is ’n uittreksel uit die boek getitled *People’s War: New light on the Struggle for SA* by A. Jeffrey. Dit bespreek die apartheidsregering se aksie teen die PEBCO-aktiviste in die 1980’s.

Kort ná die begin van die “People’s War”, het die polisie begin om aktiviste soner enige (kommunikasie met die buitewêreld) aan te hou. Tog het dit geen verskil aan die onrus of geweld gemaak nie. As van die UDF-leiers geneutraliseer was, het ander aktiviste in hulle plek aksie geneem en is skool-, bus- en verbruikersboikotte begin om in opstand te kom teen die aanhoudings en om die druk op die regering te verhoog. Kort hierna het die polisie begin met buitegeregtelike (sonder wettige toestemming) teregstellings. In Mei 1985 is drie PEBCO-aktiviste ontvoer deur die sekuriteitspolisie en ... ondervra, gemartel en doodgemaak ... Die moorde op aktiviste het toegeneem deur Pretoria ... hierdie sterftes is opgevolg deur verpolitiseerde begrafnisse, wat gehelp het om onrus, boikotte en wegbly-aksies aan te wakker.

… Die UDF is verswak deur die noodtoestandbeperkinge en die aanhouding van baie van hul aktiviste. Die UDF het egter baie veld gewen ten koste van die regering gemaak ... alhoewel die noodtoestandbeperkinge gehelp het in die stryd vir die handhawing van wet en orde, het die verklaring van ’n gedeeltelike Noodtoestand die regering en die rewolusionêre alliansie skade berokken … Alhoewel daar min vooruitsig van die ANC was om ’n suksesvolle opstand te begin, het die vlakke van geweld geleidelik toegeneem.

[Bron*: People’s War: New light on the Struggle for SA* by Anthea Jeffrey]

**BRON 1B**

Hierdie uittreksel is geneem uit `n brief geskryf deur Dennis Goldberg, ’n wit anti-apartheidsaktivis wat ’n lewenslange vonnis uitgedien het nadat hy in die 1964 Rivonia-verhoor saam met Nelson Mandela en NEGE ander skuldig bevind is, aan PW Botha, Staatspresident in die 1980’s.

D.T. Goldberg (2/82)

Pretoria Sekuriteitstronk

13 Februarie 1985

Die Staatspresident

Mnr. P.W. Botha

… Ek het agtergekom dat in u toespraak op 31 Januarie, u nie na die politieke regte van swartes verwys het nie, terwyl in u toespraak by die opening van die parlement u wel daarna verwys het ... ek vermoed dat u voorstel heeltemal ondemokraties was in die wyse waarop u swartes hulle demokratiese reg wat by hul burgerskap ingesluit word, geweier het.

Mnr. Heunis (Minister van Konstitutionele Ontwikkeling) het onlangs gesê (weereens van geheue) dat u Kabinet se konstitusionele komitee tot die slotsom gekom het, dat die beoefening van politieke regte, maar wat u “Stedelike Swartes” noem deur die (indirekte) versagtende begrip “tuislande”, onaanvaarbaar is vir hulle. “Stedelike Swartes het geen verbintenis met die “tuislande” nie. Mnr. Heunis het voortgegaan deur te sê dat u regering hierdie gevolgtrekking aanvaar het, maar nog steeds daarop aangedring het dat die politieke skakel aan die ‘tuislande’ behoue sal bly. (Dit ondanks die duidelike verwerping van die hele begrip van die “tuislande” as skyn-onafhanklike Staat / valse onafhanklike staat van swart mense.)

Dit is die kern van die saak. In jou voortdurende soektog vir klinkklare waarborge vir die beskerming van die wittes, en veral vir die Afrikaners, is jy besig om jou eie doelwitte na te streef deur swartes hulle politieke regte te ontneem.

Die oneindige vertragings in die implementering van ’n ware demokratiese sisteem in ons land (’n staat wat in elk geval tot stand sal kom) veroorsaak groeiende frustrasie en woede. Ek is bevrees hierdie gevoelens mag lei tot die gevaar vir wittes wat jy besorg is om te vermy.

Ek is bevrees dat as die presedente (voorbeelde) voortduur wat u skep in die behandeling van groepe mense, of swart mense spesifiek, en van individue, sal dit ’n gevaar inhou. U presedente sal dit nog moeiliker maak vir ons wat ’n land vir al ons mense wil bou, om sommige mense te stop wat jou presedente wil implementeer.

Dit is my vaste oortuiging dat die enigste waarborg wat u het vir ’n veilige toekoms vir wittes in Suid-Afrika, een is waarin elkeen se demokratiese regte gerugsteun sal wees deur die langdurige verbintenis van die African National Congress om elkeen se regte te handhaaf.

Die uwe Geteken: D. T. Goldberg

[Bron: https://denisgoldberg.org/letter-p-w-botha-apartheid-president/ Verkry op 12 Januarie 2024.*]*

**BRON 1C**

Die bron hieronder fokus op die reaksie op Botha se toespraak "Crossing the Rubicon", wat op 15 Augustus 1985 in Durban, Suid-Afrika gelewer is. Die wêreld het verwag dat Staaspresident PW Botha groot hervormings in sy apartheidsregering sou aankondig. Die toespraak het destyds niks hiervan gedoen nie.

Die stedelike swart bevolking het in opstand gekom, veral die jongmense, toe die hervormings in 1984 in werking getree het, en Botha homself tot Uitvoerende President verhef het. Eers nadat tienduisende gearresteer en 2500 gedood is in konfrontasie met gereed-om-te-skiet polisie tydens 'n permanente noodtoestand, is die orde weer in die lokasies herstel.

Die buitewêreld het geduld verloor toe die binnelandse toegewings misluk het en die gebruiklik apoplektiese (woedende) Botha van mening was, dat die Weste die doelpale verskuif op aandrang van kommunistiese liberale en swart opinie. Hy het besluit om nog een keer te probeer, in 'n televisietoespraak wat as rewolusionêr beskou is, op 15 Augustus 1985. Hy het in 'n regstreekse wêreldwye uitsending aangekondig dat hy die "Rubicon" oorsteek.


Trouens, na 'n kort poging om op water te loop, het hy teruggekeer na waar hy begin het. Selfs die hardnekkige (volhardende) simpatieke Margaret Thatcher het nou opgegee met Botha, wie se oorblywende ampstyd gekenmerk is deur traagheid (onaktiwiteit). Niks meer kon verwag word van 'n outoritêre politikus met 'n gewelddadige humeur wat niemand durf teen gaan nie. Selfs 'n geheime ontmoeting met Nelson Mandela, steeds die inspirasie van die ANC na 25 jaar in die tronk, het geen vrugte afgewerp vanweë Botha se onversetlikheid (hardkoppigheid) nie.

Aangevuur deur skerpsinnige (perseptiewe) gemobiliseerde swart Amerikaanse mening, het Amerikaanse banke en korporasies begin om van hul belange in Suid-Afrika te onttrek. Hierdie kommersieël gemotiveerde boikot was die ongedaanmaking van Apartheid: die randwaarde het ineengestort, Botha is geforseer deur druk uit die VSA om aan Namibië onafhanklikheid toe te staan, te midde van terugslae in Angola en groeiende ekonomiese probleme.

[Bron: https://www.the guardian.com/nwes/2006/nov/guardianobituaries.southafrica. Verkry op 12 Januarie 2024]

## BRON 1D

Die bron hieronder is 'n foto van ’n ongeïdentifiseerde betoger wat betoog teen Staatspresident Botha se hervormings van die 1980's om apartheid vir almal aanvaarbaar te maak. Die fotograaf is onbekend.




[Bron: https://scroll.in/article/966978/south-africas-anti-apartheid-movement-has-lessons-for-white-allies-america. Verkry op 3 Junie 2024]

**DEMOKRATIESE VERKIESINGS NOU VIR ’N VERTEENWOORDIGENDE VERGADERING!**

**SAKP**

**COSATU**

**ANC**

**BEËINDIG WIT MINDERHEID-OORHEERSING!**

## VRAAG 2: HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE DOOD VAN CHRIS HANI SUKSESVOL HANTEER?

### BRON 2A

Die uittreksel hieronder is uit die *Sunday Times*-koerant. Dit is gepubliseer op die 25ste herdenking van Chris Hani se sluipmoord aan die hand van Janusz Walus, waar die *Sunday Times* terugkyk na hul oorspronklike dekking van die dood van die leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party in April 1993.

Byna ses jaar ná die dag wat Janusz Walus Chris Hani in die oprit van sy Boksburg-huis doodgeskiet het, het die wêreld uiteindelik uitgevind dat Walus en Clive Derby-Lewis nooit vir hul misdaad vergewe sal word nie.

Die Waarheid-en-Versoeningskommissie het Woensdag die twee se aansoek om amnestie vir die moord van die hand gewys – die belangrikste bevinding was dat hulle nie daarin geslaag het om te bewys dat die moord polities gemotiveerd was nie.

Die WVK se amnestiekomitee het ook bevind dat die mans versuim het om ’n volledige openbaarmaking te maak, nog ’n voorvereiste vir amnestie.

Politieke partye aan die regterkant van die politieke spektrum het die uitspraak verwerp.

Die Poolse immigrant Walus en die voormalige parlementslid van die Konserwatiewe Party, Derby-Lewis, het probeer om aan die WVK se amnestiekomitee te bewys dat hulle hul opdrag by die KP gekry het om die hoofsekretaris van die SA Kommunistiese Party te vermoor.

Maar die komitee het gesê dit is “algemene oorsaak dat die aansoekers nie opgetree het op hul uitdruklike gesag of bevele van die Konserwatiewe Party wat hulle voorgee om te verteenwoordig in die sluipmoord op Mnr. Hani nie”.

Bewyse deur die huidige KP-leier Ferdi Hartzenberg dat geweld nie deel van die KP se beleid was nie, het “enige bewering ontken dat die openbare uitsprake van die KP-leierskap geïmpliseerde toestemming vir die sluipmoord gegee het.”

Die komitee het ook Walus se bewering dat hy op Derby-Lewis se bevele reageer het, verwerp.

“Walus was onder geen dwang of invloed nie en het die plan uitgevoer soos hy goed gedink het,” het die komitee gesê.

“Hy (Walus) het ’n duidelike begrip van die politieke situasie gehad en was aktief in regse politiek. Hy het ten volle aan politieke besprekings deelgeneem en aan die komplot om Mnr. Hani te vermoor.”

[Bron: https://www.justice.gov.za/trc/media/1999/s990407f.htm. Verkry op 9 Januarie 2024]

**BRON 2B**

Die bron hieronder is geneem uit die transkripsies van die WVK-verhoor op die 17de Augustus 1997. Advokaat George Bizos kruisondervra Derby-Lewis, wat aansoek gedoen het vir amnestie vir die moord in April 1993 op Chris Hani.

| | |
|---|---|
| Bizos: | Mnr. Derby-Lewis, u het ’n poging aangewend om verskoning te vra, eerstens in u verklaring waar u eintlik die mense van u kamp om verskoning vra en die moeite wat u vir u arrestasie gegee het, korrek? |
| Derby-Lewis: | Dit is korrek. |
| Bizos: | Geen apologie oor die moord op Mnr. Hani? |
| Derby-Lewis: | Nee, Mnr. die Voorsitter. |
| Bizos: | Het u om verskoning gevra oor die vermorsing van ’n waardevolle lewe wat moontlik ’n waardevolle bydrae tot die mense van Suid-Afrika kon gemaak het, Mnr. Derby-Lewis? |
| Derby-Lewis: | Met respek mnr. die Voorsitter, mag ek vra is dit ’n voorwaarde en is dit iets waaroor die kommissie dan aan getuienis onderwerp moet word? My indruk was dat ’n verskoning nie nodig was nie en nie deel van die hele funksie van hierdie komitee was nie. |
| Voorsitter: | Mnr. Bizos, die Wet vereis nie dat die applikant om verskoning vra vir wat hy gedoen het nie. Dit vereis ’n volledige openbaarmaking van wat hy gedoen het. |
| Bizos: | Ek vra dit nie as ’n regsvraag nie, ek vra of hierdie persoon wat voor jou is, ooit spyt uitgespreek het dat hy ’n persoon vermoor het wat ’n waardevolle bydrae tot die politieke lewe van hierdie land kon gemaak het, of nie. |
| Derby-Lewis: | Mnr. die Voorsitter, nee, hoe kan ek ooit om verskoning vra vir ’n oorlogsdaad, oorlog is oorlog. Ek het nog nie gehoor DAT die ANC om verskoning vra nie, die oortreders van hierdie dade wat omverskoning vra dat hulle mense in kroeë vermoor het, hulle in Wimpy Bars opgeblaas het, ek het geen verskoning gehoor nie, Mnr. die Voorsitter. Daardie mense was net so belangrik soos Mnr. Hani. |

[Bron: *TRC Special Report Transcripts,* 19 Augustus 1997]

**BRON 2C**

Die bron hieronder is geneem uit ’n artikel wat deur Suzan Daley geskryf is en op 8 April 1999 in die *New York Times* verskyn het. Dit het berig oor redes vir die WVK se verwerping van amnestie vir Chris Hani se moordenaars.

Suid-Afrika se Waarheids- en Versoeningskommissie het in een van sy emosioneel belaaide sake amnestie geweier aan die twee mans wat ’n gewilde swart leier vermoor het op die vooraand van Suid-Afrika se eerste post-apartheid-verkiesing.

Die skietery op Chris Hani, die leier van die land se Kommunistiese Party en die waarskynlike opvolger van President Nelson Mandela, het skokgolwe deur die land gestuur en gedreig om die noukeurig-onderhandelde onderhandelde oorgang van wit oppergesag te ontspoor.

In sy uitspraak het die kommissie bevind dat die twee regse ekstremiste wat skuldig bevind is aan die skietdood van Mnr. Hani in sy oprit nie aan die kriteria vir amnestie voldoen het nie. Die kommissie het bevind dat hulle versuim het om die volle waarheid oor die gebeurtenis te vertel. En die kommissie het beslis dat die mans opgetree het sonder die gesag van die politieke party waaraan hulle behoort het, daarom het hulle nie die politieke 'mandaat' gehad nie.

Die Hani-saak was een van die sake wat die meeste gevolg was voor die Waarheidskommissie en het honderde toeskouers getrek tydens weke se verhore in Pretoria. Die Hani-familie, die Kommunistiese Party en die regerende African National Congress het die toestaan van amnestie heftig teengestaan. Janusz Walus, wat die skote afgevuur het wat mnr. Hani op Paasoggend in 1993 by sy huis in Johannesburg gedood het, en Clive Derby-Lewis, wat die moord beplan en die geweer verskaf het, is albei in 1993 ter dood veroordeel. Maar hul vonnisse is versag toe die doodstraf deur Mnr. Mandela se regering afgeskaf is.

In die aansoek om amnestie het Mnr. Derby-Lewis, ’n voormalige Konserwatiewe Party-Parlementslid, gesê hy het die moord beplan om chaos te skep en ’n regse staatsgreep te ontketen. Mnr. Walus, ’n Poolse immigrant wat in 1981 na Suid-Afrika gevlug het om kommunisme in sy vaderland te ontsnap, het gesê hy het Mnr. Hani vermoor om te probeer keer dat kommuniste die mag in sy nuwe huis oorneem.

[Bron: https://www.nytimes.com/1999/04/08/world/no-amnestt-foe2-men-who-killed-black-leader-in-south-africa.html. Verkry op 2 Junie 2024]

**BRON 2D**

Die bron hieronder is ’n foto vrygestel deur Oryx Media Archive / Gallo Images / Getty Images vrygestel is. Dit is geneem tydens die WVK-ondersoek na die sluipmoord op die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party-leier, Chris Hani. Sy moordenaars, Janusz Walus en Clive Derby-Lewis, is nie amnestie toegestaan nie.




[Bron: https://www.gettyimages.com/detail/detail/news-photo/the-trc-inquest-into-the-assassination-of-african-news-photo/107145373. Verkry op 30 Julie 2024]

Vertel ons

Wie het die bevel gegee om Hani dood te maak?

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET DIE 2023 BRICS-BERAAD OP DIE OU EN NUWE LEDE VAN BRICS GEHAD?

### BRON 3A

Die artikel hieronder is geneem uit *Reuters Newspaper Agency*, gepubliseer op 18 Augustus 2023. Dit fokus op die datums, leiers wat teenwoordig sal/of gaan wees en die agenda van die BRICS-beraad van 2023 in Suid-Afrika.

Die BRICS-groep van groot opkomende ekonomieë – Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika – hou vandeesmaand sy 15de staatshoofde- en regeringsberaad in Johannesburg.

Hier is ’n paar sleutelfeite oor die beraad:

WAAR EN WANNEER IS DIE BERAAD?

Suid-Afrika sal die beraad van 22 – 24 Augustus by die stad se Sandton-konvensiesentrum aanbied, nadat die land in Januarie die eenjarige roterende voorsitterskap van die BRICS-groep oorgeneem het. Dit sal die eerste ivergadering van die BRICS-beraad wees sedert die COVID-19-pandemie.

WIE SAL BYWOON?

Suid-Afrikaanse President Cyril Ramaphosa, President Xi Jinping van China, Brasilië se President Luiz Lula Da Silva en die Indiese Eerste Minister Narendra Modi sal na verwagting die beraad bywoon.

Die Russiese president, Vladimir Putin, sal dit nie persoonlik bywoon nie weens die lasbrief vir arrestasie wat deur die Internasionale Strafhof vir beweerde oorlogsmisdade in die Oekraïne uitgereik is, iets wat Moskou ontken. Poetin, wat ’n virtuele deelnemer sal wees, sal deur die Russiese Minister van Buitelandse Sake, Sergei Lavrov, in Johannesburg verteenwoordig word.

Uitnodigings om die beraad by te woon is ook gerig aan 67 leiers regoor Afrika, Latyns-Amerika, Asië en die Karibiese Eilande, het die Suid-Afrikaanse Minister van Buitelandse Sake, Naledi Pandor, gesê.

Twintig hooggeplaastes, insluitend die sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies, die voorsitter van die Afrika Unie-kommissie en die president van die Nuwe Ontwikkelingsbank, is ook genooi.

Sakeleiers sal ook na verwagting die vergadering bywoon.

WAT IS DIE SLEUTELKWESSIES WAT BESPREEK WORD?

Miskien is die belangrikste en mees kontroversiële kwessie wat die leiers na verwagting sal bespreek, die BRICS-uitbreiding deur nuwe lede by te voeg, insluitend die toelatingskriteria en riglyne.

Maar verdeeldheid onder BRICS-lede kan enige groot aankondiging van die beraad verhinder, aangesien die blok deur konsensusbesluit funksioneer.

China, wat sy geo-politieke mag wil versterk tydens ’n tyd van spanning met die Verenigde State, is die belangrikste dryfveer van uitbreiding. Rusland aanvaar dit ook as ’n manier om isolasie oor die oorlog in Oekraïne te oorkom, en Indië begin ook die idee. aanvaar. Brasilië is die mees skeptiesste oor uitbreiding.

[Bron: https://www.reuters.com/world/key-facts-about-brics-2023. Verkry op 28 Mei 2024]

**BRON 3B**

Die artikel hieronder fokus op die mees belangrikste uitkomstes en relevansie van die BRICS-beraad 2023. Dit is getiteld *BRICS 2023: Major outcomes and relevance* – vanuit ’n Australiese vooruitsig deur Pramod Kumar van Fresh Perspective wat op 12 Oktober 2023 gepubliseer is.

... Ten minste ses uitkomste staan uit van die BRICS-beraad van 2023.

Eerstens is die besluit oor die BRICS-uitbreiding. Hierdie beraad het eenparig ingestem om ses lande uit te nooi om volle lede te word, en dit sluit Argentinië, Egipte, Ethiopië, Iran, Saoedi-Arabië en die Verenigde Arabiese Emirate in. Hierdie lande sal vanaf 1 Januarie 2024 by BRICS aansluit. Die uitbreiding dui op wat lyk na ’n sterk Rusland-China-afdruk om ’n duo-politieke teengewig vir die VSA te bou. Indië, Egipte, die VAE, Iran en Saoedi-Arabië het egter ook sterk verhoudings. Op Junie 2023 het Indië en Egipte hul bande verhef tot die strategiese vennootskapsvlak op die gebied van verdediging, sekuriteit, handel, hernubare energie en kulturele bande. Indië en die VAE is die grootste handelsvennoot met US$60 miljard dollar in huidige geraamde tweerigtinghandel ...

Tweedens het leiers van die BRICS-lede by die beraad hulle voorneme verklaar om hul afhanklikheid van die VSA dollar te verminder en om die tempo van de-dollarisering in globale handel te verhoog. Hulle het ook die geldeenheid-alternatiewe bespreek, soos om die potensiële ontwikkeling van ’n gedeelde geldeenheid in te sluit. Die BRICS New Development Bank, byvoorbeeld, is aangebied as ’n konkrete stap weg van die dollar ...

Derdens het leiers by die beraad hulle ook sterk uitgespreek dat inklusiewe multilateralisme en globale bestuur bewerkstellig kan word deur die bevordering van doeltreffende verteenwoordiging, effektiewe demokrasie en hervorming van internasionale organisasies. Die beraad het omvattende hervorming van die Verenigde Nasies (VN)-stelsel, insluitend die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad (UNSC), ondersteun om die verteenwoordiging van ontwikkelende lande in die VN-rade te versterk ...

Vierdens het die lede van die BRICS-beraad ingestem om die steun vir 'n Afrika Kontinentale Vryhandelsooreenkoms (AFCFTA) uit te brei. Die beraad het die waarde van die politieke stabiliteit van die Afrika-kontinent beklemtoon om marksekerheid te bou ...

Vyfdens het die beraad ’n sterker fokus op belegging in landbou en groen ekonomie gesien met die doel om ekovriendelike werksgeleenthede te bevorder, en lae-koolstof- en volhoubare praktyke te bevorder ... BRICS-leiers was ten gunste van die rol van moderne tegnologie in die bevordering van landbou. Hulle het ook gehoop om Afrika ’n globale voedselmandjie te maak.

Laastens het 'n groot ontwikkeling plaasgevind tydens die beraad waar beide Indië en China ooreengekom het om te poog om spanning by die geskilgrens te verminder. Dit sal waarskynlik gesien word as ’n stap in die rigting van vrede, stabiliteit en voorspoed in die streek en die wêreld ...

[Bron: http://www.international affairs.orge.au. Verkry op 28 Mei 2024]

**BRON 3C**

Die bron hieronder is 'n spotprent deur die Suid-Afrikaanse spotprenttekenaar Zapiro op die BRICS-beraad van 2023, wat China se invloed in BRICS en die houding van Suid-Afrika en ander Europese lande teenoor die Groot Westerse Moondhede uitbeeld.




[Bron: https//x.com/jaans-kepaans/status/1695758453388501468
Verkry op Junie 2024]

BRICS

BERAAD, JOHANNESBURG 2023

KAMERAAD! … KLEIN LIEDJIE WAT EK GESKRYF HET GETITELD"NAVO HET MY DIT MAAK DOEN!"

… GEEN GEDANS MEER NA DIE PYPE VAN GROOT WESTERSE MOONDHEDE NIE!

© SACAI KOPIEREG 

**BRON 3D**

Hierdie artikel *The 2023 BRICS Summit: A mixed bag for China* is oorspronklik deur Brian Hart deur Oxford University Press gepubliseer. Dit is herpubliseer op 5 September 2023. Dit verduidelik hoe Beijing BRICS sien as die sleutel om die globale Suide te betrek en die Weste teë te werk.

... Chinese kenners erken BRICS se tekortkominge in vergelyking met die G7. ’n Chinese ekonoom het onlangs opgemerk dat die G7 se invloed spruit uit sy vermoë om “met een stem te praat”, wat die groep in staat stel om wêreldwye diskoers betekenisvol te vorm. Die sleutel tot die G7 se sukses is die feit dat die groep geheel en al uit liberale demokratiese state bestaan wat dieselfde voel oor baie fundamentele kwessies. Daarteenoor het die BRICS-lande verskillende politieke stelsels, met China en Rusland wat outoritêr is terwyl die ander demokrasieë is.

Indië is die grootste struikelblok vir China binne die BRICS. Sino-Indiese verhoudings was die afgelope paar jaar gespanne, gekenmerk deur gevaarlike strydpunte op hul betwiste grens en Indië se terugveg teen China in verskeie vektore, insluitend die blokkering van honderde Chinese mobiele toepassings (apps). Die belangrikste is dat Indië op China se groeiende selfgeldigheid gereageer het deur bande met die Verenigde State, Japan en Australië te versterk deur die Vierhoekige Veiligheidsdialoog (of die Vierhoek).

… Vergroting kan inderdaad die invloed van BRICS op die globale verhoog verhoog. Die ses nuwe lede sal die groep se totale BBP met ongeveer 13 persent uitbrei, van $25.9 triljoen tot byna $29.2 triljoen (gebaseer op 2022-vlakke). Dit sal die groep nader bring om die gaping met die G7 te verklein, wat in 2022 ’n kollektiewe BBP van $43,8 triljoen gehad het. Die toevoeging van nuwe lande sal veral China meer bevoordeel as die ander oorspronklike lede. Terwyl die ander lede hul reeds verskraalde deel van die groep se ekonomiese grootte verder sal verdwyn, sal China steeds meer as 60 persent van die groep se totale BBP uitmaak.

… Daar sal ook ander voordele wees. Die toevoeging van Saoedi-Arabië en die VAE sal veral betekenisvol wees in terme van BRICS se invloed op wêreldwye energievoorrade. Die oorspronklike vyf lande is reeds verantwoordelik vir 'n aansienlike deel van die wêreld se energievoorrade – veral steenkool. Sodra nuwe lede amptelik aansluit, sal die uitgebreide groep meer as 42 persent van die wêreldwye olievoorrade en 37 persent van die wêreld se gas produseer.

[Bron: https://chinapower.csis.org/analysis/the/the-2023-brics-summit-a-mixed-bag-for-china

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese inligting was uit die volgende verkry:

http//dennisgoldberg.org/letter-p-w-botha-apartheid-president/

http://www.justice.gov.za/trc/media/1999/9904/s990407f.htm

https//www.nytimes.com/19999/04/08/world/no- amnesty-2-men-who-killed-black-leader-in-south-africa.html.

https://www.gettyimages.com/detail/detail/news-photo/the-trc-inquest-into-the-assassination-of-african-news-photo/107145373

https://chinapower.csis.org/analysis/the-2023-brics-summit-a-mixed-bag-for-china

https://x.com/jaans-kepaans/status/1695758453388501468

https://www.the guardian.com/nwes/2006/nov/guardianobituaries.southafrica.

https://scroll.in/article/966978/south-africas-anti-apartheid-movement-has-lessons-for-white-allies-america.

https://www.reuters.com/world/key-facts-about-brics-2023

https://www.international affairs.orge.au.

Jeffrey, A. *The People's War: New Light on the Struggle for South Africa*. Johannesburg: Jonathan Ball 2019

WVK-verslagtranskripsie, 19 Augustus 1997